*Donderdag* 8 Januarie

Skrifgedeelte: Joël 2:12-17

Fokusgedeelte: Joël 2:12-17

Selfs te midde van oordeelswaarskuwing kondig God sy barmhartigheid aan!

Joël 2 begin met die oordeelswaarskuwing van die "Dag van die Here" wat kom. 'n Stikdonker dag waar die oordeel van die Here kom! God haat die sonde en die straf op die sonde is die dood.

Vers 12 begin met die belangrike woord "Maar …" Die tyd van oordeel en verwoesting gaan kom, maar God kondig weereens sy genade aan. God roep die hele volk op om met hulle hart terug te kom na Hom toe! Hoekom sal die Here sy straf mag herroep? Is dit omdat die volk deur hulle dade gered kan word? Nee, dit is weens God se karakter dat daar selfs nou vergifnis kan wees. God is genadig en barmhartig, lankmoedig en vol troue liefde.

God is 'n heilige God, 'n regverdige God, wat beteken dat Hy nie sonde ongestraf kan laat bly nie. Al God se oordele is goed en reg. Hy het nie nodig gehad om vir die volk, vir ons 'n uitweg te maak om verlos te word nie, maar Hy het dit uit sy groot liefde gedoen. Deur Jesus Christus se kruisiging is daar nou vir ons 'n uitweg, is ons vergewe en verlos.

Die Dag van die Here kom met die wederkoms van Jesus Christus – God gaan oordeel! Dis egter nie meer 'n dag van vrees vir die gelowiges nie, omdat die Here ons as sy kinders reken en die straf vir ons gedra het!

Wat is ons reaksie op die barmhartigheid van God? Ons het berou oor ons sondeskuld en wil die Here loof en prys vir die uitkoms wat Hy gee!

*Sing: Psalm 18-1:1, 12, 14*

*Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)*